

## Internasionale Vrouedag 2023: Oordrag van feministiese meme

**Juliana Claassens\***

*Sy het nogtans volgehou.*

*Feminisme is die radikale idee dat vroue mense is.*

*Ek kon nog nooit self uitvind wat presies feminisme is nie. Ek weet net dat mense my 'n feminis noem wanneer ek menings uitspreek wat my 'n vloerlap of 'n prostituut onderskei.*

*As hulle nie vir jou 'n sitplek by die tafel aanbied nie, bring 'n opvoustoel.*

*Vroue wat hulle goed gedra, maak selde geskiedenis.*

In die opbou na vanjaar se [Internasionale Vrouedag](#), wat jaarliks op 8 Maart gevier word, het ek oor feministiese meme begin nadink.

Dit het alles naby aan die einde my studieverlof begin toe ek by Strand Books in New York na geskenke vir my hegte feministiese vriende gaan soek het. Strand Books, 'n New Yorkse instelling naby Union Square, het 'n verskeidenheid wonderlike feministiese parafernalia – yskasmagnete, koffiebekkers, bufferplakkers met inspirerende aanhalings van ons voorgeslagoumas wat ons in ons kantoor oplak en aan ons vriende en dogters gee om te inspireer, te troos, moed te skep.

Ek het op die ou einde notaboeke met feministiese aanhalings gekoop wat ek nog nie vantevore teëgekomp het nie, insluitende die woorde van [Shirley Anita St Hill Chisholm](#), wat sewe keer tot die VSA se Huis van Verteenwoordigers verkies is, en die eerste vrou wat in 1972 aan die VSA se presidentsverkiesing deelgeneem het: “Indien hulle nie vir jou 'n sitplek by die tafel aanbied nie, bring 'n opvoustoel.”

Nog 'n voorbeeld van 'n aanhaling wat vroue se voorneme vasvang om nooit tou op te gooi nie, “[Nevertheless, she persisted](#)” (ofte wel “Nogtans het sy aangehou”), het ook in die VSA se gepolariseerde politiek ontstaan. Die woorde word toegeskryf aan senator Mitch McConnell, die Republikeinse Senaatmeerderheidsleier wat probeer het om die Demokratiese senator van Massachusetts, Elizabeth Warren, op 7 Februarie 2017 in die senaatsaal stil te maak nadat sy uitgesluit is uit die debat oor die bevestigbaarheid van senator Jeff Sessions as prokureur-generaal. McConnell se berugte woorde was: “Sy is gewaarsku. Sy het 'n verduideliking ontvang. Nogtans het sy aangehou.” Hierdie woorde het soos 'n veldbrand versprei en dien as 'n uitstekende voorbeeld van die betekenis van skadelike woorde wat omgekeer is om 'n verenigde uitroep vir baie vroue in die verlede en die hede te word wat gekrenk en stilgemaak voel.

Ten slotte ...

Hierdie en talle ander slagspreuke verteenwoordig die woorde van vroue wat in die werklikheid gelewe het en werklike gevegte moes veg wat veroorsaak is deur vyande wat inderdaad baie werklik was.

Ons dink vanjaar op Internasionale Vrouedag, waarvan die tema #EmbraceEquity (ofte wel #OmarmBillikheid) is, na oor die nalatenskap van vroue uit die verlede en die hede, veral oor hoe vroue se woorde bly voortleef lank nadat hulle gesterf het. Waar ek vanjaar voortgaan om te skryf en te onderrig en te praat, dink ek nog meer as ooit tevore aan dit wat ons vir ons studente, kinders,

kollegas en vriende nalaat: deursettingsvermoë, weerstand en onwrikbare toegewydheid aan respek en menswaardigheid.

*\*Prof Juliana Claassens is 'n professor in die Ou Testament en hoof van die Gendereenheid in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*